

26 Junie Levitikus 10:1-11

(Teks: 10:3)

Stilswye van God se kind

God die Here wil reeds in die Ou Testament geheilig word deur die priesters wat dienswerk verrig het. Die oë van die hele volk was op hulle gerig. Hulle het die verantwoordelikheid gehad om die volk te lei. Twee van Aäron se seuns kon hierdie verantwoordelikheid nie dra nie. Die vreemde vuur waarmee hulle gekom het, het God in toorn teen hulle laat ontvlam.

Dis 'n verskriklike straf tot behoud van die volk. Want as die priesters die Naam van die Here ontheilig, wat sal die gemeente van Israel dan nie doen nie? Aäron het dit aanskou met sy hand op die mond. Hy het stilgebly.

Hoe moet ons hierdie stilswye van Aäron verstaan?

- Dit was nie 'n ongevoelige stilswye nie. Sy vaderhart was stukkend en het ineengekrimp onder hierdie sware slag wat sy seuns getref het.
- Dit was ook nie 'n magtelose stilswye nie - 'n gevolgtrekking waartoe baie kom in die oortuiging dat jy maar net moet buig voor die Almagtige. So 'n stilswye is geen geloofsdaad nie.
- Eerder was dit 'n stilswye van berusting - 'n stilte van 'n hart wat nie twis nie, al is dit stukkend. Aäron het geweet die Here trek hom in hierdie oomblikke vas om so te beleef dat sy genade altyd genoeg is.

Hoe hanteer ons situasies wanneer ons ons geliefdes in vrede sien heengaan? Ook dan kan ons in stilswye die hoof rustig buig by die beloftes van God wat in Christus Jesus ons sonde versoen het en ons skuld betaal het. Moenie murmureer by hierdie beskikking van God nie. Buig eerder in aanbidding en word met jou droefheid stil voor God.

Sing Psalm 134:1-3

Ds. MJ. Smidt (Innesdal)